GRAAD 10: PROEFVRAESTEL EKSAMEN
2006

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II
LEERUITKOMS 3 & 4

Tyd: 2 uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Skryf die nommer van elke vraag bo-aan.

4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.

5. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit.

6. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.

IEB Copyright © 2006

## AFDELING A LETTERKUNDE - Voorbeeldvrae

**Jeugroman: disse flippen stukkende wêreld dié, my ou** – Hans du Plessis

### VRAAG 1

Die titel van die jeugroman **disse flippen stukkende wêreld dié, my ou** dui daarop dat alles in die wêreld nie altyd is soos ons dit graag sou wou hê nie.

Herrie sê self dat dit 'n **'flippen stukkende wêreld'** is. Skryf 'n paragraaf waarin jy vertel van Herrie se probleme wat hom só oor die wêreld laat voel. In jou paragraaf moet dit ook duidelik blyk of jy dink dat hy reg is om só oor die wêreld te voel.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- Kennis van voorgeskrewe werk.
- Vermoë om 'n mening uit te spreek oor 'n gegewe situasie en om tot 'n slotsom te kom.
- Wyse waarop die inligting oorgedra word.
- Taalgebruik

**10 punte**

### VRAAG 2

***Herrie is glad nie 'n goeie persoon nie. Hy is self verantwoordelik vir al sy probleme.***

Bespreek dié stelling in 'n paragraaf van 150 tot 180 woorde.

- Stem jy saam met die stelling?
- Motiveer/verduidelik waarom jy saamstem/nie saamstem nie deur na voorbeelde uit die teks te verwys.
- Taalgebruik
- Jou paragraaf moet die leser oortuig van jou siening.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- Kennis van voorgeskrewe werk – vermoë om te motiveer met voorbeelde uit die teks.
- Vermoë om standpunt in te neem en dit te verdedig.
- Wyse waarop die inligting oorgedra word, m.a.w. oortuig jy die leser van jou siening?
- Taalgebruik

**10 punte**

IEB Copyright © 2006

**VRAAG 3**

**Situasie:**

Jy het 'n probleem wat jy nie met jou ouers kan bespreek nie. Jy het egter raad dringend nodig. Jy besluit om aan een van die karakters in **disse flippen stukkende wêreld dié, my ou**, te skryf en raad te vra.

- Aan watter karakter sal jy skryf?
- Vertel wat jou probleem is en waarom jy dink dié karakter jou sal kan help.
- Watter probleme het die karakter in die boek ervaar wat jou laat dink dat hy/sy jou sal kan help met jou probleem? Verwys na gebeure uit **disse flippen stukkende wêreld dié, my ou**
- Dink jy dat die karakter sy/haar probleme op die regte manier opgelos het? Sê ook wat jy in sy/haar situasie sou doen.

Jou skryfstuk moet tussen 150 en 180 woorde lank wees.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:
- Kennis van voorgeskrewe werk.
- Persoonlike respons op 'n kwessie wat verband hou met 'n karakter en sy probleme.
- Wyse waarop die inligting oorgedra word.

**20 punte**

IEB Copyright © 2006 

**AFDELING B FUNKSIONELE SKRYFWERK**

Kyk na die advertensie van die ***"Little Dreams Gastehuis"*** in Lichtenburg op die los bladsy (**BYLAAG 1**).

**Situasie:**




Jy en jou gesin het vir 'n naweek in die gastehuis gebly. Die Vrydagaand het julle besluit om vroeg die Saterdagoggend ontbyt te eet en dan vir die oggend die omgewing te verken en ook na die plaaslike wildreservaat te gaan.

Toe julle die vorige middag in die dorp ingery het, het jy plakkate van jou gunsteling musiekgroep teen die lamppale opgemerk. Hulle tree Saterdag middag op die plaaslike hoërskool se sportveld op. Jy het besluit dat jy dit nie mag misloop nie.

Julle wou graag 'n mandjie met kos saamneem om êrens 'n piekniek te hou.

Jy moes met die eienaars van die gastehuis reël om vir julle 'n mandjie te pak. Die eienaars sou ook graag wou weet wat julle planne vir die dag is en hoe laat julle terug sou wees.

**VRAAG 1 Nota**




**Opdrag:**

Skryf 'n nota wat jy die Vrydagaand aan die eienaars van die gastehuis sou skryf om die nodige reëlings te tref. Jou nota moet tussen 50-60 woorde lank wees.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:
- gepas volgens doel en teikengroep
- gepaste styl/register
- akkurate taalstrukture en woordkeuse
- korrekte leestekens
- gepaste lengte



**10 punte**

IEB Copyright © 2006

**VRAAG 2 Dagboekinskrywings**

Jy het dagboek gehou van die naweek se gebeure. Maak twee dagboekinskrywings.
Die volgende inligting moet in jou dagboekinskrywings voorkom:

- Hoe het jy die week voordat julle in die gastehuis oorgebly het, gevoel?
- Hoogtepunte / laagtepunte van die naweek.
- Hoe voel jy daaroor om terug te gaan huis toe?

Jou twee dagboekinskrywings moet saam tussen 90 en 100 woorde lank wees. Beplan jou dagboekinskrywings deeglik. Jy moet bewys lewer van deeglike beplanning.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- gepas volgens doel en teikengroep
- gepaste styl/register
- akkurate taalstrukture en woordkeuse
- korrekte leestekens
- gepaste lengte
- bewys van beplanning

**20 punte**

**VRAAG 3 BRIEF**

**Situasie:**

Jy en jou gesin het julle verblyf by die *Little Dreams* Gastehuis baie geniet. Jy sal beslis weer daar wil gaan bly.

Een van jou vriende wat oorsee woon, wil baie graag ook een naweek in 'n gastehuis in Suid-Afrika kom bly. Jy het besluit dat die '*Little Dreams Gastehuis*' net die plek vir jou vriend/in is.

**OPDRAG:**

Skryf nou ŉ brief aan jou vriend/in waarin jy die gastehuis by hom/haar aanbeveel. Vertel waarom jy dit juis by dié gastehuis geniet het.

Die inhoud van die brief moet tussen 150 en 200 woorde lank wees.

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- gepas volgens doel en teikengroep
- gepaste styl/register
- akkurate taalstrukture en woordkeuse
- korrekte leestekens
- gepaste lengte

**30 punte**

IEB Copyright © 2006 

**BYLAAG 1 Advertensie vir 'Little Dreams Gastehuis'**

